25 Nov
Uitgawe 2009/11/25

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (**Rom.5:8**). Niks kan ons van God se liefde verwyder nie. (**Rom.8:38**). Sy liefde is perfek en verdryf alle vrees. (**1 Joh.4:18**). Ons het Hom lief omdat Hy ons eerste liefgehad het. (**1 Joh.4:19**). ***Vader, ons vra dat U liefde in ons perfek gemaak word. Sal U asseblief enige gevolge van teleurstellings en pyn verwyder wat ons in hierdie jaar beleef het. Skenk ons asseblief genade om U liefde te aanvaar.***

Deurbraak : Impak van Christen TV

Amir, 'n 17-jarige seun van Shiraz, het in die aaklige gewoonte verval om ongure webruimtes te besoek by 'n Internet kafee. Een dag het hy die woord "seks" op die soekenjin ingetik, en 'n video genaamd "Pornografie" in 'n Persiese taal was by die resultate. Hy het dit oopgemaak en teruggesit om dit te kyk. Maar dit was eintlik 'n Christenprogram, wat op 'n reguit manier uitgewys het hoe pornografie 'n persoon se integriteit skade berokken. Amir het reeds skuldig gevoel oor sy gewoonte en het voortgegaan om na die video te kyk. Daar was 'n getuie van 'n man wie se huwelik bykans op die rotse was weens pornografie, en twee aanbieders het van die liefde van Jesus Christus se liefde gepraat, al het ons ook op 'n seksuele manier gesondig. Dit het Amir verstom. Hy het gedink God sal hom haat oor sy wellus. Hy het die telefoonnommer wat op die program gegee was gebel en het 'n paar dae later die TV stasie se kantoor gebel. Dit was natuurlik buite Iran en die telefoonoproep het hom heelwat geld gekos, maar dit was die moeite werd. Amir het vir 'n geruime tyd met die berader gepraat en was meer as gereed om sy lewe aan Christus te wy teen die einde van die gesprek. (E-pos: info@usa.om.org, 05/11/09). ***Prys die Here vir die impak van Christen TV in Iran. Bid vir die ondergrondse Kerk om met oorgawe die liefde van God met ander Iranese te deel. Bid vir die mense wat in gevangenisse is in Iran vir hul geloof - bid vir hulle vir krag, bemoediging en vreugde te midde van moeilike situasies.***

Bid vir jou gemeenskap : Polisiemag

Die polisie het 'n spesifieke mandaat van God om euwel te konfronteer en te straf. Sonder hierdie vorm van verdediging, sal wetteloosheid seëvier. Die Bybel spreek burgerlike regering aan (d.i. owerhede in die regering wat ook wetstoepassing insluit). **Romeine 13:1-6** is mees toepaslik om hierdie punt te staaf. Burgerlike Regering is 'n "bediening" en moet om hoog gehou word volgens die beginsels wat Apostel Paulus voorgelê het in **1 Timoteus 2:1-4**. (Webruimte: http://www.link-zone.net/police/studies/whyprayfor.shtml, 12/11/09). ***In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbidding en danksegging gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.*** (**1 Tim.2:1-4**).

Suid-Afrika : Kaapstad, No.5 op geweldslys

Kaapstad, Suid-Afrika word beskou as nommer 5 op die lys van die stede in die wêreld waar die meeste geweld plaasvind. Misdaad is 'n groot probleem in Suid-Afrika (beide vir burgers en toeriste) vir baie jare en moord en roof statistieke is hoog in vandag se samelewing. (Webruimte: http://opentravel.com/blogs/five-worlds-most-dangerous-cities/, 14/10/09). Die *Cape Peninsula Transformation Network* nooi die Liggaam van Christus uit om aan 'n optog deel te neem deur die strate van Kaapstad op 28 November 2009. Die rede vir die optog is om hul misnoeë uit te spreek teenoor geweld en misdaad veral teenoor kinders en vroue in die stad. Vir meer inligting skakel Barry Isaacs, e-pos: threecord1@telkomsa.net, tel.: 021 761 2140. ***Bid asseblief vir diegene wat die geleentheid organiseer. Verklaar die Woord van God oor hierdie stad: Van geweld sal in jou land nie meer gehoor word nie—van geen verwoesting of verbreking in jou grondgebied nie; maar jy sal jou mure Heilig noem en jou poorte Lof.***

Internasionaal : Somalië

Waar in die wêreld is dit die moeilikste om 'n Christen burger te wees? Noord-Korea, miskien? Saoedi-Arabië? Probeer Somalië. Daar word beraam dat daar nie meer as 1 000 Christene woon in die land met 'n bevolking van 8miljoen nie, dalk 'n paar duisend meer in die diaspora. Die Islamitiese Shahab burgermag, wat meeste van Suid-Somalië beheer, is toegewyd om Christene uit te dryf. Christen mans besoek die moskee op Vrydae, sodat hulle nie agterdog wek nie. Bybels word versteek. Daar is nie publieke vergaderings nie, ook nie kerkdienste nie. Elke maand word Somaliërs vermoor omdat hulle Christene is. (E-pos: Intercessors.Network@Comhem.SE, 02/11/09). ***Bid dat die Kerk in Somalië getrou aan God sal bly en dat Hy altyd hul eerste liefde sal wees*** (**Op.2:3-4**). ***Bid dat hulle God se Woord sal volg en hul vyande sal seën*** (**Matt.5:43-48**). ***Vra die Here dat meer gebed sal uitgaan vir die Somaliërs en dat 'n altaar van 24/7 gebed daar tot stand sal kom.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com